

Skrifgedeelte: Hebreërs 13:10-15

Fokusgedeelte: Hebreërs 13:15

Die Loffer, jou offer?

Die verhouding tussen gelowiges en Christus word hier uitgebeeld met 'n verwysing na die Ou-Testamentiese gebeure op die groot versoendag.

Op daardie dag is die offerdier buite die laer geslag en verbrand en die hoëpriester het die bloed van die dier in die allerheiligste deel van die tempel, waar God woon, op die verbondsark gesmeer. Daar het hy gebid en om vergifnis gesmeek vir die sondes van die volk.

Christus is op Golgota buite Jerusalem gekruisig. Sy kruisdood het in die hemel, waar God woon, versoening gebring vir ons sondes. Daardeur het ons vrede gekry met ons hemelse Vader en het die Heilige Gees ons verander tot kinders wat uitroep: "Abba, Vader." Maar soos die offerdier verbrand is – niemand kon die voordeel daarvan geniet deur dit te eet nie – verdien ons niks van Christus se offer vir ons nie. Dit word aan ons gegee uit die groot genade van God.

Van ons word eenvoudig verwag om dankbaar te wees. Daardie dankbaarheid word 'n lewe van blydschap teenoor en lof aan God. Hy gee aan ons dít wat die wêreld met al sy skatte ons nie kan gee nie. Daarom tree ons uit die wêreld uit in 'n verhouding met Hom. Dit beteken, ons verhouding met Hom is groter en belangriker as enige ander verhouding. Ons is in die eerste plek kind en dienaar van Christus. Ons moet uit ons volk en gesin en huwelik uitree, in 'n verhouding met Hom. Dan tree ons terug in ons volk en gesin en huwelik as sy kind en dienaar!

Ons moet daarom nie moedeloos en opstandig teenoor God raak as dinge in hierdie wêreld ons ontnugter en seermaak nie. Juis dan is Christus ons toevlug. Hy troos en gee ons krag deur sy Gees en Woord om gelowig en blymoedig ons las te dra. Totius berym dit mooi in Psalm 116: *"Wat kan 'k die Heer vir al sy guns vergeld? Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade? Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade en by die kelk van heil sy Naam vermeld."*

Sing: Psalm 116-1:7, 10

Ds. CJ (Christo) van Vuuren (Hartbeespoort)